Geopende Deure NUUSBRIEF

**STAAN SAAM MET DIE VOLGENDE GENERASIE VIR DIE EVANGELIE**



"Dit is hulle wat die werk van God sal voortsit. Hulle is die Kerk se hoop."

ERMIAS EN SY SEUN, EZANA

UITGAWE 4

ŉ Kersfeeswens vir veiliger kinderjare, bl. 2-4 • Gee hierdie Kersfees die geskenk van veiliger kinderjare, bl. 5 • Hoe lief is jy vir ander? bl. 6-7



# ’n Kersfeeswens vir veiliger kinderjare

Ezana en Fasil Tedesse* se oë blink van afwagting vir Kersfees. Die speletjies, kos, liedjies wat hulle gaan sing en gewoel by die huis as mense meer oor Jesus kom hoor… Dit is ŉ vreugde wat só baie kinders hierdie tyd van die jaar deel.

Maar die opgewondenheid van dié klein seuntjies van landelike Ethiopië verberg ŉ diep begeerte. Een wens, algemeen onder kwesbare kinders van die vervolgde Kerk: Al wat hulle dié Kersfees verlang, is die geskenk van veilige kinderjare – sonder afknouery, fisiese aanvalle, isolasie en die weiering van onderwys.

Ermias, hul pa, sê: *“Selfs al was Christen-kinders van die slimste op skool, weier die onderwysers om hulle die punte te gee wat hulle toekom. Hul toetspunte word verlaag, maar ons kan nie bekostig om hulle na ŉ ander skool te stuur nie.”* En sonder ŉ opvoeding sou die tweeling min hoop vir die toekoms hê.

Maar danksy Geopende Deure-vennote soos jy, het ons saam met die plaaslike Kerk gewerk om ŉ skool op die plaaslike kerkterrein te open. Dié ruimte bied ŉ veilige plek vir kinders om onderrig te ontvang en is deel van ŉ oorbruggingsprojek tussen die Christelike gemeenskap en die omliggende omgewing.

Die tweeling floreer nou in die klas – akademies, geestelik en emosioneel. *“Ons hou daarvan om skool toe te gaan. Ons kry ŉ opvoeding by ons onderwysers en ons hou baie daarvan om te leer en saam met ons vriende te speel,”* sê hulle.

Met jou ondersteuning en gebede sal kinders soos Ezana en Fasil ŉ blink toekoms hê – en hulle sal groei om sterk, veerkragtige en kragtige getuies vir Christus te wees. Dankie!

*“Hulle is die volgende generasie vir die Evangelie,”* sê Ermias. *“Dit is hulle wat die werk van God sal voortsit. Hulle is die Kerk se hoop.”*

*Name verander vir sekuriteitsredes.




# Die geskenk van 'n beter toekoms

Jenny, ŉ twaalfjarige meisie van die Suidelike Filippyne, is besig om ŉ nuwe pad vir haarself te baan ondanks die feit dat sy vervolg word omdat sy Jesus dien. Sy het ŉ toekoms van swaarkry, vervolging en moeilike uitdagings in die gesig gestaar – totdat Geopende Deure en sy vennote ingetree het om haar lewenskoers te verander.

Die geleenthede vir onderwys was ver buite haar bereik. In haar kultuur oorskadu tradisie dikwels die strewe na onderwys en baie jongmense volg dan die bekende pad om op ŉ vroeë ouderdom te trou, dikwels sodra hulle puberteit bereik.

Om hierdie rede het Geopende Deure se plaaslike vennote ŉ geletterdheidsklas daar begin om aan hulle ŉ alternatiewe opsie te bied en hulle die geleentheid te gun om van ŉ blink toekoms te droom.

Jenny is lief vir leer en floreer as een van die toppresteerders in haar klas. Dit het haar ŉ droom gegee …

**"Ek wil 'n wesenlike verskil maak in ander se lewens. Ek wil 'n onderwyseres word of soos my suster 'n jeugleier in die huiskerk, en ander help om in hul geloof te groei," het Jenny gesê.**

Sy bars van opgewondenheid oor Kersfees. *"Ek is absoluut mal oor Kersfees omdat dit my gelukkig maak,"* glimlag sy. *"Dit is die enigste tyd dat ek ŉ geskenk ontvang, wat dit spesiaal maak en my ook herinner aan God se liefde vir my en ons gesin."*

Hierdie Kersfees sal Jenny jou ook onthou – en sy wil jou bedank vir jou geskenke en gebede. *"Ek is opreg dankbaar vir jou ondersteuning aan die geletterdheidsklas,"* het sy gesê. *"Dit het my en die ander kinders aangespoor om groot te droom, wetende dat ons Jesus aan ons sy het."*



## Elnura wens ons 'n geseënde Kersfees toe vanuit Sentraal-Asië

Om ŉ jong dowe tiener te wees, is uitdagend vir Elnura*, ŉ meisie van Sentraal-Asië. Talle dowe Christene in hierdie streek is geïsoleer en kan nie ten volle in die samelewing integreer nie. Hulle word dikwels geïgnoreer en baie vind dit moeilik om werk te kry. Hulle verdien dus nie ŉ inkomste nie en weens hul ongeletterheid is daar ŉ gebrek aan toegang tot opleiding en onderwys.

Elnura is deel van die dowe Christelike gemeenskap, een van die vinnigste groeiende groepe gelowiges in Sentraal-Asië. Hulle ervaar uitdagings in die samelewing weens hul gestremdheid en geloof.

Geopende Deure bied ondersteuning en opleiding aan hulle op verskeie maniere – deur inkomste-genererende opleiding, rekenaarvaardighede, kundigheid om selfone te herstel, opleiding in skoonheid en grimering en gebaretaalopleiding vir horende volwassenes/kinders in gesinne.

Elnura het ŉ opleidingskursus in gebaretaal gevolg, wat haar in staat stel om met ander dowe kinders en volwassenes te kommunikeer. Sy het ook ŉ Kersgeskenk van Geopende Deure ontvang.

Kersgeskenke het ŉ groot impak op beide gelowiges en ongelowiges in Sentraal-Asië. Dié projekte stel die Kerk in staat om na gelowiges uit te reik, diegene te besoek wat die kerk weens druk of enige ander rede moes verlaat, weeshuise en hospitale met geskenke en ŉ Kersprogram te besoek, en die kinders van dowe Christelike gesinne te bemoedig.

Naira, een van Geopende Deure se vennote wat met die uitdeel van geskenke gehelp het, sê: *"Ek sien regtig hoe Elnura al meer uit haar dop kruip omdat sy liefde en aandag ontvang het. Die Kersgeskenk het haar laat besef dat sy gesien en geliefd is – nie net deur ons nie, maar ook deur God."*

Baie dankie! Jou ondersteuning en gebede help ons om gemeenskappe soos dié in Sentraal-Asië en verder te bereik!

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Gee hierdie Kersfees die geskenk van veiliger kinderjare

Kinders van regoor die wêreld word weens hul Christenskap van hul basiese regte ontneem.

Geopende Deure identifiseer en ondersteun kinders wat met vervolging saamleef in die gevaarlikste wêrelddele om ŉ Christen te wees. Sonder ons ondersteuning het hulle min hoop.

**Sal jy dié Kersfees saam met ons staan? Jou gebede en ondersteuning sal help om dringende noodleniging en ŉ veiliger toekoms aan ŉ vervolgde kind te gee.**



*"Hulle is die Evangelie se volgende generasie, dit is hulle wat God se werk sal voortsit,"* sê Ermias, ŉ Ethiopiese pa.

Skandeer die QR-kode of besoek www.opendoors.org.za om hulle te ondersteun en vir hulle te bid.



## REIS SAAM MET GEOPENDE DEURE IN 2024

Smag jou hart daarna om hulpbronne, ondersteuning en gebed te verskaf aan ons vervolgde familie wat vervolging in die gesig staar?

Sluit by ons aan vir ŉ webinaar op **16 NOVEMBER** om **19:00** en kom meer te wete oor Geopende Deure se reise na die vervolgde Kerk in 2024.

**Registreer vir die webinaar** deur die QR-kode te skandeer of besoek www.opendoors.org.za.

# Hoe **LIEF** is jy vir ander?

**Dit is maklik om diegene lief te hê wat ons liefhet, maar wat van die mense met wie ons bots of wat geen voordele vir ons inhou nie? Hoe lief is ons vir hulle?**



**"AS ONS DIE WARE KRAG VAN GEBED KON BESEF, SOU ONS ELKE DAG DOSYNE KERE OP ONS KNIEË WEES." BROER ANDREW**

Matteus 5:44-46 sê: *"Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers Sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen. As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie?"*

Doen ons dit? Dit mag dalk voel asof die Here te veel van ons vra. Tog het God dit vir ons gedoen – Hy het ons, wat eens sy vyande was, liefgehad, soos blyk uit Romeine 5:10: *"Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van Sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van Sy Seun gered sal word."*

Wat daarvan om te bid vir diegene wat ons seermaak of benadeel? Bid ons vir hulle? Wanneer ons die vervolgde Kerk dien, hoor ons talle getuienisse van vervolgde Christene wat bid vir mense wat hulle seergemaak het – soms op ondenkbare maniere.

Waarom sou hulle bid vir diegene wat hulle vervolg? Omdat hulle weet dat Jesus die enigste Een is wat deur die hardheid van hul harte kan breek, en Hy is die enigste manier waarop ons die hoop kan ervaar dat ons as Christene eendag met Hom herenig sal word. Só sal die probleme wat ons in die wêreld ervaar tot ŉ einde kom.

Sal ons dit nie vir ons geliefdes verlang nie? ŉ Verhouding met ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

Gebed is dus noodsaaklik om ons liefde vir diegene rondom ons te betoon. Voorbidding is ŉ onselfsugtige uitdrukking van liefde en ŉ manier om God se karakter van liefde en genade aan die mense rondom ons te weerspieël. Dit help ons om ander deur God se oë te sien – dié wat God na Sy beeld geskape het.

As God die hart van Paulus op die pad na Damaskus kon verander, wat kan Hy nie doen as ons tot Hom bid vir die mense rondom ons nie?

Vir wie vra die Here jou om vandag te bid?

## HOE OM VIR ONS VERVOLGDE FAMILIE TE BID

- Bid vir veerkragtigheid sodat hulle die vervolging wat hulle in die gesig staar, kan verduur.
- Bid dat die Here hul vervolgers se harte sal verander soos wat Hy met Paulus gedoen het.
- Bid dat die vrede van God hul harte en gedagtes in Christus Jesus sal bewaar (Filippense 4:7), terwyl die duiwel probeer om hulle te laat twyfel aan God se teenwoordigheid en liefde vir hulle.

**Waarom sluit jy nie in November by ons aan terwyl ons vir ons vervolgde familie bid nie? Skandeer die QR-kode vir meer inligting.**

# VANUIT DIE HART

Beste vennote en vriende

Dankie vir jou vennootskap die afgelope jaar. Ek bid dat jy uitgedaag en bemoedig word terwyl jy met dié bediening saamreis, wat bewustheid, gebed en ondersteuning vir die wêreldwye vervolgde Kerk versterk.

Ek het onlangs besin oor die behoefte om outentiek te leef – om vas te hou aan ons belangrikste oortuigings in ons verhouding met Jesus ondanks druk om die gewilde sienings en dit wat al die ander doen, te volg.

In sy brief aan die Filippense skryf Paulus: *"Doen alles sonder om te mor of te stry, sodat julle onberispelik en rein kan word, 'kinders van God sonder gebrek in 'n krom geslag'. Dan sal jy onder hulle skyn soos sterre aan die hemel terwyl jy vashou aan die Woord van die lewe."*

Wanneer ons ons vervolgde geloofsfamilie besoek, wat dikwels as volgelinge van Jesus ernstige druk en beperkings deurmaak, is dié sterreglans in 'n donker omgewing merkbaar. Hul vreugde en vasberadenheid om volgens hulle identiteit as kinders van God te leef, is vir my 'n uitdaging. Hoe maklik is dit nie om deur ons omstandighede oorweldig te word nie.

Weereens, soos ons nader aan Kersfees beweeg, staar talle mense in lande waar vervolging hoogty vier toenemende druk en gevaar in die gesig omdat hulle die Vredevors se koms vier.

Jy word uitgenooi om vir hulle te bid – en op te tree ter ondersteuning van die gesinne en kinders wat veiligheid en bemoediging benodig om te volhard sodat hulle as sterre in hul gemeenskappe sal skyn.

Vrede

**Lynette Leibach**
Uitvoerende direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika




**Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za
T +27 11 888 9341
F +27 11 888 9362
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319
Posbus 1771, Cresta, 2118


**Bankrekenings: Suid-Afrika**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Capitec Business Lopende Rekening (450105),
Rekeningnr. 1051 1501 32

Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Besigheids-rekening (198765),
Rekeningnr. 113 750 4552

**Bankrekening: Namibië**
Geopende Deure – Open Doors NPC,
Nedbank Windhoek (461609),
Rekeningnr. 12000238471

(Faks asb. die bewys van betaling na +27 11 888 9362 of epos na southafrica@od.org)


Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika. Inligting korrek teen druktyd. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak ons by southafrica@od.org.



Drukwerk deur Resolution Litho

REG # 2004/023397/08


Vervolg Maar nooit alleen.